ng kerk weltevreden

lewe vir die stad

Jaargang 21, Nr. 1 Mei 2020

# WELTEWOORD

GEMEENTEBLAD VAN NG WELTEVREDEN

## As die hele wêreld stil word...

Kobus Sandenbergh

**Ja, die hele wêreld word stil,
en luister in die donker uur
na die naggeluide van Lisa se klavier...**

'n Pragtige lied, gewild by baie van ons, maar wat as dit letterlik stil word?

Dit het my laat dink oor stilte. Is stilte net die afwesigheid van geraas of lawaai? My ontdekking is dat daar verskillende tipes stiltes is. Dit val dalk vir jou vreemd op die oor, maar kom ontdek saam met my die volgende.

### Daar is helende stiltes:

- Die gespanne, doodse stilte: Wat kom nou? Die afwagting voor 'n toneelspel, die ligte verdof en die gordyn skuif oop...
- Die sagte stilte van die veld. Jy hoor die ruising van die wind, hoor weer die voëls se gesange. Dit kan jou help om stil te word in jouself, maar ook bewus te word van wat rondom jou en in jou aangaan. Dit maak die lied: "O Heer my God" in jou wakker.
- Die stilte van worsteling en berusting. Ons vra dikwels 'n minuut stilte vir iemand wat gesterf het, ter herinnering aan sy of haar lewe en wat hulle nagelaat het. Ps 39 vers 10: Ek sal my mond nie oopmaak nie, want U het dit gedoen. Die stilte van berusting. Maar ook Jesus se worsteling in Getsemane; het bloed-sweet-bid 'n geluid?
- Dan is daar die stille WOW voor grootsheid, of dit nou 'n natuurwonder is of die geboorte van jou kind of kleinkind. Stille verwondering soos Psalm 8 dit uitdruk: as ek die wonder wil deurgrond, verstar my denke, verswyg my mond!
- Dan is daar die doelbewuste stil word uit my eie, om die Here se sagte stem te kan hoor. Elia ervaar iets daarvan in 1 Kon 19 wanneer hy nie die stem van die Here in die rukwind of aardbewing hoor nie, maar uit die fluistering in die windstilte hoor hy die vraag: Wat maak jy hier, Elia?

Ps 62 wil dalk ook sê: *Ek is stil, ek luister, daarom is ek...*
*Kierkegaard: Hoe meer ek gebid het, hoe minder het ek gepraat, totdat ek stil geword het. Eers het ek gedink bid is om te praat; toe het ek geleer dat gebed nie blote stilswye is nie maar luister... stil word totdat jy God hoor.*

Volgens onlangse nuusberigte is die water in die kanale van Venesië weer helder en kan 'n mens tot op die bodem sien. Die ou kerkvaders het die voorbeeld van 'n modderpoel gebruik om iets te illustreer van mense se besige en innerlik deurmekaar lewens. Slegs as die poeletjie lank staan, word die water weer helder en word die hemel gereflekteer in die helder water. Miskien is die helende stiltes van die huidige grendeltyd genadetyd om innerlik tot rus en kalmte te kom. Miskien maak die helende stiltes die uitdrukking "Silence is golden" weer waar.

Wanneer ons so stil raak, besef ons die kontras met hoe besig en gejaagd ons lewens meestal is; dat baie mense hul honger na stilte "stil" met meer gejaag.

*"A lack of taste for solitude and silence is one of the most common illnesses of the contemporary world. Many people are afraid of remaining in stillness, being alone or having free time. They feel more comfortable being constantly occupied; they need words, impressions; they always hurry in order to have the illusion of an abundant life. But life in God begins when words and thoughts fall silent, when worldly cares are forgotten, and when a place within the human soul is freed to be filled by Him"*
(H Alfeyef, The Mystery of Faith).

Ongelukkig bring stilte en afsondering nie outomaties heling nie. Een van die ergste strawwe wat iemand opgelê kan word, is eensame opsluiting. Trouens, ons is soos op radio ongemaklik as daar stiltes is. Dit kan ook gebeur dat die stilte om jou die geraas en woelinge in jou binneste na die oppervlak laat kom. **Ons kan iets daarvan in die negatiewe stiltes raak hoor:**

- Die stilte van dikmond-verset: Jy word van buite gedwing tot stilte. Die opdrag is: Bly nou stil! Binne-in jou maal dit; uiterlik is jy stil, maar binne skreeu jy!
- Die stilte in die hof: Die stilte wat afgedwing word waar die regter die spreekbeurte uitdeel. Die inkriminerende stilte van die Miranda-reël kan ook hierby inpas. Ons hoor dit so baie op TV: Enigiets wat jy sê kan teen jou gebruik word as getuienis...
- Stilstuipe: In die meeste verhoudings gebeur dit een of ander tyd. Ek is kwaad, daarom praat ek nie. Die ongemaklike stilte soms tussen kwaaivriende, geskeides en vervreemdes... ek het nie meer vir jou iets te sê nie want jy het my al te veel seergemaak of teleurgestel.
- Die stilte van genoeg gepraat: As Jesus in Matt 26:63 voor Herodus staan, word dit opgeteken dat Herodus vir Jesus baie vrae gevra het, maar Jesus het letterlik "baie niks gesê" nie. Hy het stilgebly, want Herodus het reeds alles gehoor wat nodig is, maar hy wil nie reageer nie.

Negatiewe stiltes is ongesonde, ongemaklike stiltes wat afstand tussen mense skep. Veral in die grendeltyd kan dit ook lei tot woede-uitbarstings en konflik.

**Julle krag lê in stil wees en vertroue hê. Jes. 30:16**

Grendeltyd het ons die geleentheid gegee om uit ons gedrewenheid tot stilte te kom. Mag ons 'n stille rus in die onsekere tye saam met ons indra en innerlike kalmte uitstraal. In die woorde van Caitlin Matthews: "It is only in the intentional silence of vigil and meditation, or in the quiet places of nature, that we encounter the song of the universe".

As die hele wêreld stil word, kan ons ook innerlik tot stilte en rus kom, soos in hierdie geestelike lied.

**Lied 519 Wees stil en weet: Ek is die Heer**

1. Wees stil en weet: Ek is die Heer. Ek spreek en wind en golwe bedaar, Ek sal ook jou getrou bewaar.
2. Wees stil en weet: Ek is die Heer. Ek ken jou pyn, jou donkerste nag. Ek is by jou, Ek gee jou krag.
3. Wees stil en weet: Ek is die Heer. Kom bring na My jou kommer en vrees. Ek sal vir jou 'n toevlug wees.
4. Wees stil en weet: Ek is die Heer. Bly waak en bid; volhard in geloof. Ek is by jou soos Ek beloof.



# Gebed

Hettie Wessels

Dit is vreemd hoe die lewe werk. Ek glo dat die lewe nie onnodige draaie met ’n mens loop nie. Alles wat met jou gebeur het – goed en sleg – dra by tot wie jy vandag is. Vir my is dit dus belangrik om af en toe stil te staan en voorraadopname te doen. Wie is ek en hoe het ek tot hier gekom?

Ek loop die laaste paar maande met die gewaarwording in my dat ek nie genoeg bid nie en dat die gemeente nie genoeg bid nie. Of laat ek eerder sê die hele ding rondom gebed pla my. En hoe harder ek probeer, hoe minder voel dit of ek dit reg doen. Ek bid al my hele lewe lank, ek is al vir amper 20 jaar ’n dominee, dit is mos nie moontlik nie? Hoe meer ek daaroor oplees, hoe meer gespanne raak ek. Skielik raak gebed ’n baie ingewikkelde saak. As ek met die Here wil praat, raak my woorde op.

Ek begin navorsing doen. Ek lees boeke; oues op my rak, nuwes op Kindle. Een van my motto’s is: hoe harder jy werk hoe beter sal jy raak. In my kop is dit ’n eenvoudige som. Ek begin toe hard werk aan my gebedslewe; ek doen navorsing, ek preek daaroor, ek praat met mense daaroor, ek hou my gebedsjoernaal meer getrou as in die verlede, maar ek word net nie rustig nie.

In hierdie tyd bekruip ’n virus die wêreld. Vir die virus is die wêreld baie klein. Dit spring met gemak oor landsgrense; skop nes tussen koninklikes, Hollywoodsterre en wêreldleiers en vind ’n tuiste onder die armstes van die armes in Indië; dit bekruip die oeroue beskawing van Italië en kom jaag ons terug na ons huise, woonstelle, pondokkies en shacks in Suid-Afrika. My wêreld het klein geword, hier in en om die huis, maar die regte wêreld baie, baie groot. Skielik is my beste vriendin – 3km van my af – onbereikbaar, my ouers in ’n ander provinsie ondenkbaar en vriende in ’n ander land onmoontlik.

Die mensdom wat onaantasbaar was, is weerloos en bang. Skielik is dit waaraan ons vasgehou het niks werd nie. Die onsigbare vyand is almal se vyand, maak nie saak waar jy in die wêreld is en wat jou posisie is nie.

En skielik kan ek weer bid. Soms met kwaai woorde, ongelukkigheid oor wat ek sien. Ander kere huil ek net; ek sit en die hartseer oorval my. In God se teenwoordigheid kom my diepste emosie na vore. Ander dae is ek vol moed en geloof en juig ek oor die nuwe dag, net om môre kermend die een versoek na die ander in my gebedsjoernaal neer te skryf. Asof ek met ink op papier God wil herinner hoe bekommerd ek regtig is.

En ek besef net weer: gebed is God se geskenk aan sy kinders; ons lewenslyn. En ek is so seker as wat ek nog nooit oor enigiets in my lewe was nie: God is teenwoordig.

Hoekom het ek so gesukkel? Want ek wou dit reg doen. Ek wou soos ’n teoloog daarna kyk en dit verstaan. Maar verhoudings is ingewikkeld en morsig en fantasties en emosioneel en nie altyd perfek nie. ’n Verhouding ontwikkel oor tyd en in enige verhouding beleef ’n mens tye wat dinge net nie wil vlot nie. En hoe meer ’n mens karring, hoe meer trek die drade los. In plaas daarvan moet jy net WEES, moet jy vertrou in die beloftes wat vir jou gegee is; swart op wit. Gebed nooi ons in die kragtigste, almagtigste teenwoordigheid in met sagtheid, genade en liefde, en dit is oorweldigend.

My raad aan jou: as jou bid in jou kop stol omdat alles te veel word; omdat jy bang is vir môre; die vrees vir die toekoms jou laat voel of God glad nie meer omgee nie; of omdat jy woedend kwaad is... hou net aan, moenie moed opgee nie, moenie ophou praat nie, sonder jouself af en wees net voor God. Wees tot op die been eerlik. Die God van die heelal kan jou emosies absorbeer en jou steeds innig lief hê. Dring jou op, maak ’n oorlas van jouself.  Want by God is jy altyd welkom. Hy raak nooit moeg vir jou nie. Jy is nooit ontydig of laat nie. Jy is welkom met jou onvolmaakte, egte, regte menswees. Neem die Psalmboek, begin by Psalm 1 en teen die tyd dat jy by Psalm 150 kom, besef jy die onwerklike genadebelofte van God se teenwoordigheid in jou lewe.

Gebed verander jou. Gebed is God se geskenk aan jou om jou leeg te maak op ’n veilige plek sodat jy vervul kan word met die Heilige Gees wat namens jou pleit en jou stomheid vertaal in hemelse woorde.

# So ervaar ons grendeltyd...

**Ons het lidmate gevra om met ons hulle ervaring en uitdagings tydens grendeltyd te deel.**



## Gedig – Freda van der Wel

Dis 'n tyd in die wêreld en sy mense
Almal het vergeet van hul eie wense
Wat onbenullig klink, is nou geskiedenis
Die klein molekule wat Coronavirus is.

Dit het begin in die jaar 2020
en het vanaf China die wêreld ontstig
In sonnige SA in Januarie
van Johannesburg dwarsdeur die Kalahari
Het die wete ons almal vasgevang
Ons beklem, ontroer en nou is almal bang.

Die wiele van ontsetting het skielik begin draai
Mense is wêreldwyd afgemaai
Corona was op almal se lippe
Het in ons kom sit met die gewig van klippe.

Ons President het dit afgekondig
Ons moet inperk, tuisbly is almal se plig
Vir 21 dae mag ons nêrens heen gaan
Hy vertrou ons sal ag daarop slaan
Maskers en handskoene is ons las
Met seep en water vir 20 sekondes hande was.

Kerke, skole en byeenkomste vir eers verby
twee meter moet ons van mekaar af bly
Paasdiens is hierdie jaar 'n stille fees
Ons vier dit saam in gedagte en gees.

Toe is daar weer 'n afkondiging
Pleks dat dit verligting bring
Is inperking met twee weke verleng
En soos die advertensie lui, is dit
chenchaidaideng!

Die infeksiegevalle neem toe
Ons vra onsself af wat en hoe?
Gaan daar ooit 'n einde aan kom
Ons skud net kop en staan verstom!

Olimpiese spele en alle baljaar
Is uitgestel tot volgende jaar
Die eerste keer na Wêreldoorlog II
Het Wimbledon se tennis ook ingegee.
Ook geen sport op TV meer
Is vir almal 'n sakie teer.

Ek het selfs my eie maskers gemaak
Vir as dit ernstig begin raak
Maar dis meer 'n las as plig
Uiteinde is hou jou hande uit jou gesig!

Om my kinders en kleintjies weer te sien
gaan nog baie lank neem
Asof hierdie virus ons van mekaar vervreem
Sien uit om weer saam 'n vleisie te braai
Om daaraan te dink
is om deur die geskiedenis te blaai.

As Christen is dit wonderlik om te erken
Dat ons liewe Heer vir ons die wedloop gaan wen.
Dis nou die tyd om God in alles te vertrou
Hy is in beheer om ons lewens weer op te bou!

Op Vrydag 27 Maart praat ons president met die nasie en word ons bekendgestel aan "lockdown". Ons eerste vrese was wat van my vryheid van beweging? Wat van my sport wat ek nie kan beoefen nie? Wat van my familie wat ek vir 'n tyd lank nie gaan sien nie? Ek kyk nou vyf weke later terug en kan net die goeie raaksien. As 'n gesin praat ons weer direk met mekaar en gebruik nie sosiale media om te kommunikeer nie. Ons speel met die kleinkinders (want mamma en pappa is "essential workers" so hulle moet werk). Boeta het geleer "pelletgun" skiet, en sussie en ouma speel pop dat die biesies bewe! Ons word gedwing om weer ons breine te gebruik, want "home schooling" is nie maklik nie! Ek kan van die werk wat my kleindogter nou in graad 5 doen, nie eers bemeester nie! Familie bel mekaar om te hoor hoe dit gaan. Van Ouma in Mosselbaai tot familielede elders in die wêreld maak tyd om met mekaar te praat. Ons almal lewe nader aan God, en dis verblydend om te sien hoe die kinders vir die Here vra om ons te beskerm teen die virus – dis nou voor hulle al wat leef en beef by die naam noem in die gebed! Ons eet alle maaltye saam om die tafel en ons maak grappe en lag; voor die televisie sit en eet gebeur nie meer nie. Ons lewens sal nooit weer dieselfde wees na Covid-19 nie, maar een ding is seker: "What does not kill you, makes you stronger!" Dié spreekwoord is heel van toepassing op die Oppermans.

***Carel Opperman***

Ons grootste uitdaging in hierdie tyd was dat my man, Alwyn, op 9 Mei 'n hartaanval gehad het en ons hom nie kon besoek in die hospitaal nie. Met behulp van tegnologie kon ons gelukkig video-oproepe maak en dit het hom weer moed gegee om te veg. Vriende en familie het hom gereeld gebel en boodskappe gestuur en een vriend het selfs elke dag getrou 'n video-oproep gemaak. Ons hou van Maandag 11 Mei daagliks saam nagmaal as gesin en dit maak so 'n groot verskil. Alwyn is op 12 Mei ontslaan. Ons hou vas aan die Here, want Hy is ons anker en ons vertrou Hom volkome vir Sy aanraking, sowel as vir 'n deurbraak en 'n wonderwerk. Alhoewel ons baie ondersteuning van familie en vriende ontvang het, voel 'n mens steeds dat jy 'n drukkie van familie en vriende nodig het, al sê hulle niks. Maar weereens besef 'n mens dat ons 'n Lewende God dien en dat Hy daar is vir ons, al is daar geen mens om ons nie. Dat ons aan die Here moet vashou en aan Sy woord, want Hy is ons Skepper en ons Geneesheer in alle tye. Die Here het steeds die finale sê, ons Hom net vertrou met alles wat ons het.

***Mara van der Merwe***



# 'n Virtuele bedieningsplan vir gesinne

## Elke huis in konneksie met die Kruis

Neil du Plessis

Almal van ons is teen hierdie tyd deeglik bewus van die invloed en uitdagings wat die Covid-19- krisis aan huishoudings stel. Die kerk en spesifiek ons Jeug- en Familiebediening ervaar hierdie uitdagings ook op verskeie vlakke. Met die aankondiging van grendeltyd het ons begin beplan vir die weke/maande wat voorlê en hoe ons ons gesinne die effektiefste kan bedien. Die bekende Engelse gesegde het dadelik opgekom wat sê: "When life gives you lemons, make lemonade!"

Ons het besluit om hierdie uitdaging as 'n geleentheid aan te gryp en in die proses is 'n virtuele plan gebore waarmee ons graag ons KiX-kerkmaats en hulle ouers wil bedien. Hoewel grendeltyd ons fisies inperk kan die Goeie Nuus van die Evangelie nie ingeperk word nie!

Die doelwitte van die bedieningsplan is onder andere om die gestuurde karakter van ons gemeente selfs verder uit te brei as ons bekende visie "Lewe vir die Stad". Ons is oortuig dat die kuberruimte ons in staat stel om verder te droom as die fisiese grense van ons omgewing en die stad Johannesburg. Ons wil graag uitreik na alle gesinne wat ons op sosiale media volg of by ons bediening ingeskryf is. Ons wil verder ook graag goeie materiaal beskikbaar stel om ons ouers tuis te help om in hierdie tyd ons jonger lidmate te begelei in hulle geloof.

Twee sleuteltekste wat ons gebruik in ons visie vir 'n virtuele bediening is Deut.6:4-5 wat spesifiek fokus op ouers se verantwoordelikheid om kinders se geloof te vorm in die alledaagse lewe, asook Matt.28:19-20. In laasgenoemde gedeelte is daar die groot sendingopdrag opgesluit wat gelowiges aanspoor om die Goeie Nuus te verkondig aan al die nasies tot by die uithoeke van die wêreld. Ons interpreteer die "uithoeke van die wêreld" in hierdie krisistyd ook as die kuberruimte met al die moontlikhede wat dit inhou.

Ons bedieningsplan bestaan uit vyf fokusareas.

Wat (1) **Aanbidding** betref kan ouers en kinders uitsien na 'n weeklikse aanlyn KiX-erediens om in ons jonger lidmate se bedieningsbehoeftes te voorsien. Daar is ook 'n "*Woensdag-woord*", 'n kort oordenking wat perspektief wil gee op die week en waarmee God besig is in ons lewens.

Wat (2) **Toerusting** betref is ons opgewonde oor die moontlikhede van aanlynkursusse. Deur die loop van die jaar sal ons kursusse aanbied vir diegene wat graag in die komende maande wil trou, wil belê in die verryking van hulle verhoudings en hul ouerskapvaardighede wil opskerp. Die Manne-Bybelstudiegroep funksioneer ook goed met weeklikse ontmoetings met behulp van "Zoom meeting". Daar is ook weeklikse kleingroepmateriaal beskikbaar vir groepe wat graag aanlyn wil saamkuier.

Ons fokus ook steeds op (3) die **Versorging** van ons gesinne. Pastorale berading en aanlynbesoeke geskied wanneer nodig deur Zoom, Skype en WhatsApp video-afsprake.

Die (4) **Kategese** gaan ook voort en al ons maats in Grade 1-6 ontvang weekliks hulle lesse wat dan saam met hulle ouers/groepleiers behandel kan word.

Die laaste faset van ons bedieningsplan is (5) goeie **Kommunikasie** met ons ouers. Dit geskied deur 'n weeklikse elektroniese nuusbrief, sosiale media en WhatsApp-groepe om te verseker dat ouers ingelig en bemagtig word in hierdie tyd.

Dankie aan elke ouer wat steeds ons bediening ondersteun deur waardevolle kommentaar, terugvoering en gebede. Dit is lekker om te sien hoe ons nuusbrief en geloofmateriaal so ver as Australië, die VSA en VK benut word deur Afrikaanse gesinne wat daar woon.

Kontak gerus vir **Neil du Plessis** (neil@ngweltevreden.co.za) of **Ilze de Villiers** (ilze@ngweltevreden.co.za) indien u meer te wete wil kom oor die bediening aan laerskoolmaats en gesinne. Volg ons ook op die gemeente se Facebookblad en registreer vir ons elektroniese nuusbrief. Wees ook verseker van ons voorbidding vir elke huis in hierdie onseker tyd.



# Om te Lewe vir die Stad in grendeltyd

**Alda Boer**

Die kerkgebou se deure mag dalk in hierdie onsekere tyd toe wees, maar die werk van die kerk gaan voort. Die nood is groter as ooit tevore. Die beperkinge stel nuwe uitdagings en ons moes vinnig anders dink oor hoe ons mense in ons gemeente en in die gemeenskap kan help.

Ons is ongelooflik dankbaar vir elke gemeentelid en vir organisasies soos Novo Futurum wat kos, kruideniersware, geld vir medikasie en ander noodsaaklike items geskenk het, asook ander donasies maak sodat ons kan help waar die nood groot is. Ons kon al verskeie gesinne, lidmate en nie-lidmate, in die grendeltyd help. Ons is ook dankbaar vir elkeen wat help met die aankoop en verpakking van items en om pakkies by mense af te gee. Benewens die gereelde hulp aan gesinne en mense in nood, kon ons ook die volgende kleiner projekte aanpak te midde van die beperkings wat tans in plek is:

## Gesigmaskers

- Ons het gevra dat gemeentelede materiaalmaskers maak wat ons in die gemeente en ook in die gemeenskap kan uitdeel. Ons het reeds 'n groot aantal maskers ontvang. Materiaalmaskers kan steeds in die houer by sekuriteit geplaas word.
- 'n Aantal maskers is spesiaal vir die inwoners van die Roodepoort Huis vir Bejaardes gemaak.
- Een van ons lidmate het maskers vir Huis Erasmus en die Jan Hofmeyer Gemeenskapsentrum gemaak.

## Aartappel-projek

- Ons kry sporadies aartappelskenkings en kon Abraham Kriel Kinderhuis (Soweto) met 'n groot aantal sakke aartappels help vir hul voedingskema.
- Elias Khanyane wat die Sothodiens op Sondae behartig, het aartappels, mielies en noedels van Novo Futurum ontvang, waarmee hulle sowat 100 gesinne in Dobsonville kon help.
- Ons kon ook heelwat sakke aartappels aan ons gesinne in nood uitdeel.

## Groenmielie-projek

- 'n Trok vol groenmielies is aan ons geskenk, waarmee ons Jan Hofmeyer Gemeenskapsentrum se voedingskema kon help.
- Van die groenmielies is ook aan Abraham Kriel Kinderhuis se voedingskema in die townships geskenk.

## MES

- Novo Futurum het reeds twee keer finansiële skenkings aan MES (Middestad Evangelisasie Sentrum) gemaak vir hul voedingskema in die middestad.

## Nie-bederfbare kos en toiletware

- Lidmate word uitgenooi om op Vrydae tussen 09:00 en 12:00 nie-bederfbare kos en toiletware by die kerk af te gee. Die behoefte is so groot dat hierdie items meestal nog dieselfde dag by lidmate in nood afgelewer word.

**Vir enige navrae kontak of Whatsapp asb. vir Alda Boer Direkteur Versorging by 083 261 2700.**










# NG WELTEVREDEN IN SYFERS

## NUUT GROEI | AANHOU VERBETER

**Saret Britz**

Meer as ooit moet die kerk ŉ positiewe rol speel as baken van hoop in die gemeenskap. Meer as ooit word daar op ons knoppie gedruk om te help in hierdie tyd van nood. Meer as ooit hunker mense na kerk.


## NUUT GROEI

Die kerk se rol in die samelewing word groter soos die nood om ons groei. Daarom moet ons verseker dat die programme waarby ons betrokke is steeds relevant is en aanpas by die tyd waarin ons leef. Ons moet vernuwend dink oor waar ons tyd, energie en geld spandeer. Meer as ooit het ons lidmate nodig wat die werk van die kerk met tyd, energie en geld kan ondersteun sodat ons die gemeente se roeping kan uitleef.

Covid-19 het ons op verskeie maniere beïnvloed sedert die begin van ons finansiële jaar op 1 Maart 2020.

- **16%** Hoeveel minder offergawes (kollekte) ons in Maart en April ontvang het
- **40%** Hoeveel minder ons in huurgeld ontvang het
- **7%** Hoeveel minder ons ontvang het vir ons getuienis- en omgee-aksies
- **18%** Hoeveel meer dankoffers ons in Maart en April ontvang het
- **11%** Eenmalige skenkings ontvang waarvoor ons nie begroot het nie

### Bron van Inkomste as Persentasie van Totale Inkomste




Ons is baie dankbaar dat ons steeds kon staat maak op lidmate se bydraes. Die aantal lidmate wat bydraes gemaak het, is egter aansienlik minder. Dit beteken daar is minder mense wat gee, maar diegene wat wel gegee het, kon in April en Maart buitengewone skenkings maak. Hierdie is nie ŉ volhoubare model nie. Dit is veiliger as meer mense (selfs kleiner bedrae) kan gee, as wat ons staatmaak op drie of vier gesinne om alleen die las te dra. Ons versoek elkeen dus om steeds te gee, volgens jou vermoë. Ons nooi jou ook uit om te kom gesels indien jy vasbrand en nou hulp nodig het – dit is waarom ons kerk is en daar is vir mekaar.

## AANHOU VERBETER

Aangesien die kerk se deure reeds vanaf 16 Maart 2020 deur wetgewing gesluit is, is ons finansiële volhoubaarheid baie broos en onseker. Ons dek daarom tans slegs noodsaaklike uitgawes, waaronder munisipale koste, belasting, sekuriteit en salarisse. Maar selfs dan is ons steeds bekommerd. Daarom voer die Dagbestuur reeds vroeë gesprekke met die Finansiële Kommissie en die Diensverhoudinge Kommissie om ŉ post-Covid-19 begroting op te stel wat aan die Kerkraad voorgelê sal word. Hierin word gefokus op besparingsmeganismes op elke uitgawe-lyn. Dit sluit besparing op salariskoste in. Ons predikante en personeel is vir ons kosbaar en daarom probeer ons steeds ons om verpligtinge na te kom tot voordeel van die kerk se werk. ŉ Kerk behoort nie te bespaar op ŉ fyn uitgewerkte begroting nie, want ons besef dit het ŉ negatiewe effek op ons bedieningsmodel. Ons word wel gedwing om kreatiewe nuwe maniere te vind om steeds by ons gemeente en gemeenskap uit te kom!

- **21%** Hoeveel geld ons in Maart en April minder uitgegee het as waarvoor begroot is
- **20%** Die uitdaging vir inkomste groei, om nog steeds te midde van Covid-19, ons verpligtinge

## BAKEN VAN HOOP

Ons word uitgedaag om nuut te dink oor kerkwees. Die gemeente kan nie die gemeenskap bedien met die boodskap van Hoop en Lewe sonder die betrokkenheid van elke lidmaat nie. Dit is nie net groot somme geld wat tel nie; klein bedraggies, samehorigheid en gebed is veral nou nodig. Daarom sê ons DANKIE vir elke gebed, boodskap van onderskraging en aanbod van hulp.

Ons deure mag toe wees, maar ons geloof is grensloos.

## MANIERE OM FINANSIEEL BY TE DRA

**Elektroniese betalings**
Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 730 580 460
Verwysing: Voorletters+Van+ waarvoor

**VISA/MASTER-KAART**

yoco

https://pay.yoco.com/ng-weltevredenpark

**SnapScan**

www.ngweltevreden.co.za

ng kerk weltevreden

**Gereelde maandelikse bydraes nou moontlik**





# Grendeltyd en die uitdaging van gehoorverlies

**Nicolene du Plessis**

Covid-19, Koronavirus, kwarantyn en sosiale afstand is woorde wat ons die afgelope weke daagliks hoor en in die media sien. Op 1 Mei 2020 het Suid-Afrika vlak 4 van ons grendeltyd bereik en nog 'n woord het bygekom: maskers. Waar die dra van maskers voorheen net aanbeveel is vir siek mense, het dit toe verpligtend geword vir almal wat hulle huise verlaat. En net daar het ek besef die volgende paar weke gaan groot nuwe uitdagings aan my en mense in my posisie stel.

Min mense besef die uitdagings waarmee 'n dowe/hardhorende persoon daagliks te kampe het om in 'n horende wêreld te funksioneer. Die dra van 'n masker is nou ook een van hulle. Die bekende doof-blinde skrywer en akademikus Helen Keller het dit raak opgesom toe sy gesê het: "Blindness separates us from things, but deafness separates us from people". Met grendeltyd voel baie mense verwyderd van ander. Dowes ervaar dit soveel erger. Dowes en hardhorende persone maak baie staat op liplees asook die ander persoon se gesigsuitdrukkings en lyftaal as deel van die kommunikasie om 'n gesprek te verstaan. Wanneer feitlik die hele gesig bedek word met 'n masker is dit onmoontlik vir ons om iemand te verstaan.

Sommige mense raak gou gefrustreerd en sug selfs as jy hulle vra om iets te herhaal of net hul masker 'n bietjie te laat sak sodat jy kan verstaan. Dit is soms vernederend en 'n mens wonder of die inperking ons nie juis moet leer om meer uit te reik na mekaar en geduldiger te wees nie. Daar is wel ook die uitsonderings waar mense moeite doen en bereid is om 'n ekstra myl te stap, wat geweldig baie waardeer word.

'n Paar praktiese riglyne wat 'n mens in gedagte kan hou sodat 'n dowe/hardhorende persoon nie uitgesluit voel nie:

Behou oogkontak met die dowe/hardhorende persoon en moenie wegkyk of afkyk wanneer jy praat nie.

Laat sak gerus jou masker en hou net 'n veilige afstand wanneer jy praat.

Dit is nie nodig om harder te praat of te skreeu nie. Die persoon kan jou lippe lees.

Wees bewus daarvan dat mense se omstandighede verskil. Net soos wat jy graag ingelig en gehelp wil word, het ander persone met ' n fisieke inperking ook daardie behoefte.

Indien jy nie gebaretaal kan gebruik nie en/of nie bereid is om jou masker af te haal nie kan jy ook as 'n laaste uitweg pen en papier gebruik om inligting neer te skryf.

Die bekende Mark Twain het gesê: "***Kindness is the language that the blind can see and the deaf can hear.***" Mag elkeen van ons in hierdie uitdagende tyd leer om sagter, vriendeliker en geduldiger met mekaar te wees.



# Grendeltyd is Snoei-tyd

**Ilze de Villiers**

Grendeltyd. Vir sommige mense is dit ’n vreesaanjaende woord en vir ander iets waarby hulle maklik kon aanpas. Vir baie vrouens, veral dié met kort hare, het die tyd nou te lank begin raak. Ek hoor amusante stories oor mense wat mekaar se hare probeer sny en happe knip of die verkeerde nommer lem op die knipper gebruik.

Dit laat my dink aan wat in die Bybel staan van mense wat nie warm of koud is nie. Toe my kinders klein was, het ek dikwels gesê: “Kies ’n kant! Jy kan nie in die middel bly staan nie!” In grendeltyd moes ek vrede maak met myself; ek moes kant kies.

Ek het die positiewe kant gekies: ek staan elke oggend op en dank die Here vir nog ’n dag. Deur die loop van die dag sien ek my spieëlbeeld in die oonddeur en ek weet, dis die regte ek, sonder grimering, sonder ’n netjiese haarstyl, sommer net ek. En ek is gelukkig daarmee. Ek is vir seker nie foutloos nie. Aan die buitekant het ek plooie, rimpels en rolletjies. Binnekant bêre ek seerkry en swaarkry – lewenservaring. Maar ek kan steeds kies hoe ek op elke dag se uitdagings reageer.

Een van die hoogtepunte van my dag is om die kinders oorkant die straat te hoor lag. Laatmiddag speel die hele gesin raakrugby. Hulle is ’n groot gesin en geniet dit om saam te speel. Soms voel een van die kleiner kinders ingedoen deur ’n ouer boetie of sussie en dan eindig die speletjie sommer net daar. Maar môremiddag speel hulle weer. Hulle kies om te vergewe, om mekaar nog ’n kans te gee.

Miskien moet jy jouself ook nog ’n kans gee. Beskou grendeltyd as snoeityd: maak jou huis, jou hart en jou kop skoon. Herbedink die opinies waaraan jy al vir jare vasklou; kry nuwe prioriteite. Sny die dooie takke van weersin en wrok uit jou hart uit. Aanvaar dat jy niks aan grendeltyd kan verander nie, maar wel jou houding daaroor kan verander. Dalk gaan ons nog vir lank agter slot en grendel wees; niemand weet nie. Gebruik hierdie tyd om vrede te maak, om positiewe denke te beoefen en om ander te waardeer.

En wanneer ons weer grimering dra (vir ander) en mooi klere dra (ook vir ander) dan weet ons wie ons regtig is. Daardie haarstyl, nuwe skoene of jas is nie wat jou definieer nie. Jy is jy. Leer ken jouself. Maak vrede met wie jy in die spieël sien. Na grendeltyd sal ons die ou dinge weer waardeer. Soos ’n goeie haarsny.

# Virus bring seismiese omwenteling mee

Saret Britz

As daar een ding is wat seker is van 2020 is dit dat niemand van ons weet hoe die toekoms gaan lyk nie. Daardie 2020-visie waarna ons streef is ver buite ons bereik. Ons luister na kenners en kundiges maar sekerheid bly ons ontwyk.

Die menslike natuur is om te soek na die positiewe in enige slegte gebeurtenis. Ook hier by die kerk doen ons dit – dit hou ons gedagtes besig en is ten minste meer positief as om te sit en tob oor alles wat verlore is. Volgens kenners en futuriste is 2020 amper 'n Bybelse sosio-ekonomiese herstelproses wat maar een keer in 'n mens se leeftyd gebeur. Die ontwikkelde wêreld is al geruime tyd angstig en vol skuldgevoelens, sommiges selfs histeries, oor die aarde en ons impak daarop. Die nuwe gode van ons tyd, soos Greta Thunberg en David Attenborough vertel ons daagliks hoe sleg ons is en hoe dit beter sou wees as robotte ons sou vervang.

Voor Covid-19 was sosiale onreg, onbillike voorreg en vooroordeel ons grootste nemesis. Maar nou, in 2020, het ons 'n groter gesamentlike en dringende doelwit, naamlik oorlewing. In die kort termyn het ons stryd teen die virus katastrofiese gevolge (armoede en hongersnood is soms erger as 'n virus-infeksie of -verspreiding), maar op die lang termyn gaan ons gemeenskaplike stryd ons saambind en stuur in 'n rigting wat baie duideliker is as vroeër. Ons sal saam moet sorg vir ons naaste en ons plaaslike gemeenskap moet ondersteun. Ons gaan beslis eenvoudiger moet lewe.

Maar wanneer ons uiteindelik aan die ander kant van hierdie storm uitkom, dink net hoe ons die saamwees weer sal waardeer! Dit is sosiale interaksie wat van ons mense maak. Ons sal mense weer met 'n welkom-glimlag ontvang in plaas van 'n nors kyk. Ons sal nuut werk met mense (dalk op e-pos), maar almal sal 'n vriendelike woord en menslikheid waardeer. "Professioneel" sal 'n nuwe betekenis kry, want "menslik" sal soveel belangriker word. Die handelsname wat ons ondersteun sal waardes weerspieël van omgee, om vennootskappe te vorm, filantropiese projekte te onderneem, die gemeenskap te ondersteun, families as belangrik te ag, en vriendskappe voorop te stel. Kerk sal 'n broeikas word waar hierdie waardes vorm.

2020 en die Covid-19 virus is 'n toets vir ons almal. Wanneer ons post-Covid-19 die wêreld instap sal ons die klein dingetjies in die lewe weer raaksien en waardeer en ons sal 'n bietjie beter omsien na Moeder Natuur en die mense wat die aarde saam met ons bewoon. "Professioneel" sal "menslik" word en ons sal leer om dit wat ons het te deel met ons naaste. Dalk is 2020 tog wel die jaar van perfekte visie?



Grafies versorg deur On Demand Design & Imaging I 011 285 2060 • Dankie Maretha Gous vir die taalversorging 